

Boekbesprekings / Book Reviews

BASLER AFRIKA BIBLIOGRAPHIEN: Mitteilungen 7/8. Reprint 'Kriegsnachrichten,' Tsumeb, Südwestafrika, 1915. Afrika-Verlag Der Kreis, Schwäbisch Gmünd, 1973, pp 100.

The publishers of this Reprint deserve congratulation. With patience and no little effort they have brought together all fifteen issues of the virtually unknown **Kriegsnachrichten** published by Rudolf Kindt at Tsumeb between 15 May and 3 July 1915. At that time the German forces were isolated in the northern areas of the territory, and nearing the end of their resistance. Information on their activities has always been scarce and the availability of the **Kriegsnachrichten** will be a boon to researchers.

Rudolf Kindt originally published the newspaper **Südwest** in Windhoek. After Windhoek was occupied by the South African forces Kindt determined to publish a newsheet in Tsumeb. His prime intention was to keep the German troops informed of events in Europe. Information was received, sometimes garbled or incomplete, by means of a wireless station erected at Tsumeb. Printing was done on the mission printing press.

Length varied from four to eight pages, 15.5 by 23 cms in size. The lithographic reprint has been reduced to the A5 format, but remains easily readable.

Information from overseas, not always clear, had to be interpreted as best possible. Since there was no method of checking reports save the unreliable one of interrogating prisoners of war, inaccuracies resulted. The overseas columns are thereof of solely academic interest. Far more value attaches to the local columns, comprising battle reports, casualty lists and items of general interest. It would be most unwise to accept any of the factual reporting as it stands, but cross-reference to South African documentation may enable its accuracy to be evaluated. Our knowledge of specific encounters is likely to benefit.

The publication is competently edited with four annotated introductory articles. Martin Vogt relates how the originals were discovered, and Dr Curt Schmidt, one-time **Landgerichtsdirektor** at Mainz, wrote an excellent

short commentary before his death which is reproduced in its entirety. Information is also provided about the layout, printing and publishing of the originals and on the technique of the reprint.

With the **Kriegsnachrichten** a valuable addition to source material on the German South West Africa campaign has been made available. The reprint comes at an opportune moment as there are indications that research in South Africa on the campaign is increasing, and it must not be overlooked.

— R. J. Bouch

HANNES OBERHOLZER: Pioneers of early aviation in South Africa. Bloemfontein, pp 116, met illustrasies. Reeks: Memoirs van die Nasionale Museum, nr. 7. Wie die moeite neem om, aan die hand van die cuteur se verwysings (pp 114-115), die redelik volledige lys van vakkultuur oor die ontwikkeling van die siviele en militêre lugvaart in ons land na te gaan, kom tot die gevolg trekking dat dit hoofsaaklik uit 'n aantal artikels bestaan. In boekvorm het, gedurende die afgelope tien jaar, veral genl-maj K. R. van der Spuy en mnr A. Blake, onderskeidelik in **Chasing the wind (1966)** en **Vlieghelde van Suid-Afrika (1966)**, hulle bewyer om groter werkstukke aan te pak. Diezelfde geld vir die onderhavige outeur wat in 1969, in die vorm van 'n aantal radiopraatjies, sy aandag op lugvaart-staatmakers toegespits het. Aan **Militaria (1973)** het die eer te beurt gevall om die tweede deel van mnr Oberholzer se huidige publikasie, t.w. die gedeelte oor John Weston (pp 60-112), aan belangstellendes te mag voorlê.

Hierdie deel, waaraan daar nou geen verdere aandag gewy word nie, is nie alleen 'n uitstekende voorbeeld van die geslaagde biografie nie, maar gelyktydig ook 'n belangrike aanvulling van 'n bestaande leemte tov ons kennis oor Weston, sy optrede en sy verdienstes. Dalk kom daar later nog meer gevawens aan die lig oor sy optrede in Britse militêre diens gedurende die twee wêreldoorloë. Ek wil ten slotte die skrywer, mbt hierdie gedeelte, komplimenteer ivm sy noukeurige navorsing en sy keuse uit die beskik-

bare fotomateriaal. By die lees van die eerste deel van mnr Oberholzer se publikasie word die kritiese leser onmiddellik met Goodman Household se sweefvlugpogings gekonfronteer. Omtrent hierdie voorval is myns insiens die laaste woord nog nie gesê of geskryf nie. Aangaande R. S. Mansel, 'n geesdriftige van 1908, wat sy sweeftuig in 1908 ingevoer het, word foto's en ander besonderhede verstrek. P. J. Esser se "Air-mobile", 'n eendekker met agt skroewe, het in die ontwerpstadion gebly, terwyl Carter se vliegtuig in 1910 in die Goudstad uitgestal is.

Volgens my beskeie mening kom die eer dat Suid-Afrika lugvaartbewus geword het, grotendeels aan die Fransman Albert Kimmerling toe wat op 18 Desember 1909 sy "Flying Matchbox" te Oos-Londen laat opstyg het. In 1910 het hierdie Franse vlieënier o.m. te Johannesburg en Durban opgetree.

'n Belangrike stap in die regte rigting was dat op 17 Maart 1911 die toenmalige hoofredakteur van die Pretoriase dagblad "De Volksstem", die bekende en veelsydige dr Frans V. Engelenburg, die eerste poging in ons land aangewend het om die belangstellendes in die lugvaart in die "Aeronautical Society of South Africa" saam te snoer.

Alfred L. Raison het die eerste vliegtuig in ons land gebou, terwyl C. J. V. Bredell die eerste Suid-Afrikaner was wat op 30 April 1911 die eerste suksesvolle vlug onderneem het in Raison se vliegtuig.

M. Brunett het die tweede vliegtuig in Suid-Afrika vervaardig en op 20 Mei 1911 die lugruim ingestuur (Johannesburg). In dieselfde jaar het die Belgiese vlieënier Josef Christiaens in ons land opgetree, terwyl verteenwoordigers van die vroulike geslag d't as 'n eer beskou het om passasiers van vlieëniers soos Christiaens, Weston en ander te wees.

Onder die staatmakers van die eintlike lugvaart in ons land neem Evelyn Frederick Driver en sy Britse kollegas kapt Guy Livingstone en Cecil Compton Paterson belangrike plekke in. Driver het op 2 Januarie 1912 die eerste Suid-Afrikaanse lugpos van Kenilworth na Muizenberg vervoer terwyl hul maatskappy, die "African Aviation Syndicate", gestig is om die lugvaart in ons land te bevorder. Hierdie maatskappy het tot September 1912 bestaan. Daarna het Paterson 'n lugvaartskool te Alexanderfontein, naby Kimberley, geopen waar o.m. toekomstige militêre vlieëniers, le-

de van die toekomstige "South African Aviation Corps", 'n gedeelte van hul opleiding ontvang het totdat die skool gesluit is. Suid-Afrika se eerste militêre vlieëniers het hul opleiding in Engeland voltooi waar Lt K. R. van der Spuy op 2 Junie 1914 in sy finale toets geslaag het.

Aan hierdie interessante ontwikkelingsgang in die geskiedenis van ons lugvaart is 59 bladsye van **Pioneers of early aviation in South Africa** gewy. Daarna gaan die skrywer verder met Weston se lewe en werk. Ek verwelkom hierdie publikasie, wat orals die kenmerke van deeglike navorsing en noukeurigheid vertoon. Dank dien ook betuig te word aan die Raad van die Nasionale Museum, posbus 266, Bloemfontein, 9300, wat bereid gevind is om 1 000 eksemplare van hierdie studie te laat druk en teen die besonder redelike prys van R2,50 per eksemplaar beskikbaar te stel.

Graag herhaal ek, aan die slot van hierdie kort beskouing, die volgende gedagtes wat John Weston op 23 Augustus 1911 aan die papier toevertrou het en wat in die loop van die daaropvolgende jare, meer as ten volle bewaarheid is:

. . . in this country it is undoubtedly the coming sport, if looked upon in that light. In the course of time, however, aviation will expand beyond all bounds, and probably before very long we shall be able to carry passengers and mails by aeroplanes in perfect safety. Today of course, the whole thing is very crude, and aeroplaning is a kind of cross between a motor-car and a tightrope performance, that is, so far as the aeronaut is concerned. But conditions are changing rapidly, and the most unexpected evolutions may be looked for within the next few years.

Omstandighede het verander en vandag pas dit 'n dankbare nageslag om hulde te be-toon aan 'n groepie staatmakers wat hul tyd, hul vernuf en hul idealisme in diens gestel het van hul grootste ideaal, om ons land en ons volk lugvaartbewus te maak.

Sowel op militêre as op siviele gebied is die Suid-Afrikaanse Lugmag en die Suid-Afrikaanse Lugdiens daar as getuies van 'n wonderlike en dikwels verbassingwekkende groeikrag en lewensvatbaarheid van die saadjies wat jare gelede in ons grond gesaai is.

— Jan Ploeger